CHRISTIAN TELEVISION
CHRISTELIKE TELEVISIE
Reg No 91/01335/08

PO BOX 33626 GLENSTANTIA 0010
POSBUS 33626 GLENSTANTIA 0010

ENTRANCE CNR MENLYN DRIVE & COROBAY ROAD
INGANG H/V MENLYN RYLAAN & COROBAY WEG

TEL: (012) 348-4261/2/3
FAX: (012) 348-4250

Mnr Brink/ak
B76/92

01-04-1992

Codesa

FAX : 011 - 3971198

Menere

**AANSOEK OM 'N LISENSIE VIR 'N EIE NETWERK**

Aangeheg hierby 'n afskrif van 'n skrywe gerig aan die Minister van Binnelandse Aangeleenthede vir u inligting.

Die uwe
**CHRISTELIKE TELEVISIE**

Per:

DIRECTORS: DR I BURGER (CHAIRMAN), M J BRINK (SECR), PAST E GSCHWEND, PAST R McCAULEY, PAST E ROBBERT, MR L MOLLER, PAST M HAROLDT, PAST P HUDSON, REV D THEBEHALI. ALTERNATIVE DIRECTORS: PAST L DU PLESSIS, PAST E G MOODLEY, REV C REDDY, PAST R STEELE, PAST H STEYN

CHRISTIAN TELEVISION
CHRISTELIKE TELEVISIE
Reg No 91/01335/08

PO BOX 33626 GLENSTANTIA 0010
POSBUS 33626 GLENSTANTIA 0010

ENTRANCE CNR MENLYN DRIVE & COROBAY ROAD
INGANG H/V MENLYN RYLAAN & COROBAY WEG

TEL: (012) 348-4251/2/3
FAX: (012) 348-4250

U Verw. M3/5/1/2/16

Ons Verw. Mnr Brink/ak
B76/92

01-04-1992

Die Minister
Binnelandse Aangeleenthede
Privaatsak X 9102
KAAPSTAD
8000

Meneer

**AANSOEK OM 'N LISENSIE VIR 'N EIE NETWERK**

U is daarvan bewus dat ons maatskappy 'n ooreenkoms gesluit het met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in terme waarvan ons tans 26 ure per maand christelike programme op televisie uitsaai.

Ons wil graag die volgende op rekord plaas, naamlik :

1. Ons het aansoek gedoen om die tyd wat gebruik was deur Goeie Nuus Televisie te bekom. Ons is meegedeel dat ander christelike groepe hierdie tyd benodig en dat ons aansoek nie oorweeg kan word nie.

2. Ons bevestig dat ons u meegedeel het dat ons in belang van christelike televisie uitsendings graag met hierdie groepe wil onderhandel ten einde met hulle saam te werk. Ons het nog nie die name van hierdie groepe ontvang nie. Ons sal graag die name wil ontvang sodat ons met hulle in verbinding kan tree.

3. Ons wil graag voortgaan met ons televisieuitsendings. Ons wil graag meer uitsaaityd bekom. Ons sal met enige christelike groep of kerk wil saamwerk om te verseker dat christelike programme in die toekoms uitgesaai kan word. Ons glo dat ons

DIRECTORS: DR I BURGER (CHAIRMAN), M J BRINK (SECR), PAST E GSCHWEND, PAST R McCAULEY, PAST E ROEBERT, MR L MOLLER, PAST M HAROLDT, PAST P HUDSON, REV D THEBEHALI. ALTERNATIVE DIRECTORS: PAST L DU PLESSIS, PAST E G MOODLEY, REV C REDDY, PAST R STEELE, PAST H STEYN

programme aan die behoeftes van baie mense voldoen, maar besef dat die programme van ander kerke ook uitgesaai moet word sodat daar aan die behoeftes van alle christene voldoen kan word. Omdat televisie as 'n medium so duur is is dit absoluut noodsaaklik dat alle kerke met mekaar saamwerk om kostes te rasionaliseer. Ons doen 'n beroep op u om hierdie groepe bymekaar te kry sodat ons almal kan seker maak dat die boodskap van verlossing in Jesus Christus in ons land kan voortgaan en uitgebou word.

4. Ons wil graag ons kontrak wat volgende jaar verval hernu vir 'n verdere periode van 10 jaar. Ons doen dus hiermee aansoek om 'n verlenging. Dit is noodsaaklik om nou reeds te weet of ons kontrak hernu kan word. Ons beoog om groot kapitale uitgawes aan te gaan maar kan nie daarmee voortgaan indien ons nie sekerheid het nie. Van hierdie kapitale uitgawes sal gedoen word bywyse van buitelandse beleggings in Suid-Afrika.

5. Ons sou graag 'n eie netwerk in Suid-Afrika wil bekom op die basis van 'n publieke uitsaaidiens. Ons beoog 'n netwerk met opvoedkundige programme, gesonde gesinsvermaak asook godsdienstige programme. Dit het onder ons aandag gekom dat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aansoek gedoen het vir so 'n lisensie op die Top Sport Surplus Kanaal (T.S.S.). Die S.A.U.K. beoog blykbaar ook om 'n publieke uitsaaidiens daar te stel met dieselfde oogmerke. Ons sou graag dringend wil verneem of die toestaan van hierdie lisensie nie teruggehou kan word totdat ons die saak met u en die S.A.U.K. kan bespreek nie. Moontlik kan van die tyd op hierdie netwerk toegeken word aan ons vir uitsendings van christelike programme veral soggens wanneer hierdie netwerk onbenut is.

6. Ons sou graag hierdie saak so gou as moontlik met u persoonlik wou bespreek en verneem graag dringend wanneer ons u kan ontmoet.

Die uwe
**CHRISTELIKE TELEVISIE**

Per: [signature]

**Afskrifte hiervan versend aan :**

1. Prof Christo Viljoen, Voorsitter SAUK Raad
2. Mnr Wynand Harmse, Direkteur Generaal SAUK
3. Codesa